NUUSBRIEF

12 tot 19 Januarie 2025

Grenslose Geur van Christus

GEORGE-SUID & HEROLDSBAAI GEMEENTE

Welkom boodskap

WELKOM IN 2025

Geliefdes, die jaar 2025 het aangebreek en ons kan met verwagting uitsien na dit wat die Here ín en déúr ons gemeente gaan doen. Ons kan Hom vertrou vir ons lewe én die lewe van die gemeente. Verlede jaar het ons tekens begin sien van nuwe lewe en ons gebed is dat die Here vir ons sal help om vanjaar SY GROEI en SY VRUG en SY LEWE raak te sien. Mag ons ook aan die einde van die jaar kan terugkyk en getuig dat ons uit Christus se oorvloed, genade op genade ontvang het (Johannes 1:16).

Mag hierdie gemeente die aangename geur van Christus, grensloos versprei.

LERAAR
Ds Johann Winterbach
winterbach@tiscali.co.za
082 469 9087

ADMINISTRATIEWE BEAMPTE
Susan Mong
admin@nggeorgesuid.co.za
044 874 3898

FINANSIËLE BEAMPTE
Zelda Immelman
finansies@nggeorgesuid.co.za
044 873 3335

KERKKANTOOR
Fichatstraat 47, George-Suid
admin@nggeorgesuid.co.za
044 874 3898

Eredienste & Deuroffers

George 09:00

12 Jan:
Ds Coert du Buisson

19 Jan:
Ds Floors Meyer

26 Jan:
Geloofsgroepe begin

Heroldsbaai 09:00

12 Jan:
Ds Floors Meyer

19 Jan:
Ds Jan Els

Deuroffers

12 Jan: Sinodaal Gemeente Bediening

19 Jan: Sinodaal Straatwerk

Gemeentebegeleiding se roeping is om gemeentes te ondersteun en te begelei met die oog op florering. Ons staan ook gemeentes met uitdagings graag by. (Sinode)

Indien jy graag 'n eenmalige inbetaling wil maak vir al ons Deuroffers vir die kwartaal, is jy welkom om die Kerkkantoor te skakel om reëlings te tref.

Grenslose Geur van Christus

75 Jaar oud (Jonk)

ONS GEMEENTE IS VANJAAR 75 JAAR OUD (JONK)

Die NG Kerk George-Suid is op 16 Junie 1950 gestig, wat beteken dat ons gemeente vanjaar ons 75-jarige bestaan vier. Ons is die Here innig dankbaar vir sy sorg en seën en voorsiening deur al die jare. Ons gemeente se konteks verskil dalk baie van 1950, maar ons is en bly nog steeds Kerk van Jesus Christus in hierdie omgewing.

Hou hierdie spasie dop – ons beplan 'n paar vieringsgeleenthede deur die loop van die jaar.

Grenslose Geur van Christus

Deuroffers
Eerste kwartaal

DATUM	DEUR KOLLEKTE- SINODAAL	DEUR KOLLEKTE - EIE
01-Jan		
05-Jan	Badisa	
12-Jan	Gemeentebediening	
19-Jan	Straatwerk	
26-Jan		Diens van Barmhartigheid
02-Feb		Radio Feba
09-Feb	Studentebearbeiding	
16-Feb	CLF	
23-Feb		Carpe Diem Skool
02-Mar		Emmaus
09-Mar		Wêreldsending
16-Mar		Badisa
23-Mar	Gemeente Ondersteuningsfonds	

Koevertjies beskikbaar

Badisa

BADISA GEORGE
Maatskaplike Dienste
Social Services

Datum : 2 Desember 2024

Geagte Gemeentes, Donateurs en Weldoeners

So snel die jaar 2024 ook ten einde, 'n jaar gekenmerk deur woelinge op die internasionale en nasionale vlakke, asook die ernstige finansiële krisis wat die wêreld getref het. Ten spyte van al die woelinge en ontwrigting wat daarmee gepaard gaan, en met groot dank aan ons Skepper, kan Badisa terug kyk op 'n suksesvolle jaar in ons pogings om die armes en behoeftiges in ons gemeenskap behulpsaam te wees en te poog om hul basiese behoeftes te bevredig en hul lewensomstandighede te probeer verbeter. Ons aksies was slegs moontlik deur die getroue en onbaatsugtige ondersteuning en hulp van ons gemeentes, donateurs en weldoeners.

Graag wil Badisa- George by wyse van hierdie skrywe, u van harte bedank vir u onbaatsugtige ondersteuning en skenkings van die afgelope jaar, asook vir die goeie samewerking en welwillendheid wat ons ervaar het.

U bydrae om ons in staat te stel om na die welsyn van behoeftiges om te sien, kan geensins gering geskat word nie. Wees verseker van ons grootste waardering.

Ons bid u die Here se seën toe en vertrou dat ons kan staatmaak op u voorgesette ondersteuning.

Graag wens Badisa vir u een en almal, tesame met u families, 'n Geseënde Kersfees en 'n baie Voorspoedige Nuwejaar toe. Mag u en u geliefdes in hierdie feesgety die teenwoordigheid en liefde van Christus ervaar.

Met groot waardering en seënwense

Bestuur en Personeel

Badisa-George

Grenslose Geur van Christus

Verjaarsdae

12 Jan – 19 Jan

12 Jan
Olivier Heyns
Hekkie Schneigansz

13 Jan
Lousia Lotter
Lydia Stander

14 Jan
Brenda Goosen

16 Jan
Jason Pentz

17 Jan
Lottie Field
Cobus O` Neill
Hermie Potgieter
Leandri Swart

18 Jan
Cassie Fourie
Annabelle Liversage
Adriaan Nortier

19 Jan
John Carstens
Marenda Julyan
Maya Prinsloo

Veels Geluk, mag God u ryklik seën!

Bankbesonderhede

Wêreldsending
Bank: ABSA, Spaar
Rek Nr.: 898 162 060
Takkode: 630 114

VERWYSING: Naam en Rede

NG Kerk George-Suid
ABSA: Tjekrekening
Rek Nr.: 089 058 0017
Takkode: 630 114

NG Barmhartigheid
ABSA: Spaar
Rek Nr.: 938 1606 336
Takkode: 630 114

Snap here to pay
SnapScan

Ons Logo

Grenslose Geur van Christus

GEORGE-SUID & HEROLDSBAAI GEMEENTE

ONS LOGO

Die **see** simboliseer die onrustige, gebroke en uitsiglose wêreld waarin ons leef.

Die **bootjie** is in ons geloofstradisie die simbool van die kerk. Jesus het aan sy dissipels die opdrag gegee om vissers van mense te wees.

Die **kruis** simboliseer die reddende genade van Jesus.
Hy is die Verlosser van die wêreld.

Die **vlam** simboliseer die aangename geur van die liefde van Christus. Vir elkeen wat glo is dit 'n geur wat lewe gee.
God roep ons om hierdie geur oral te versprei.

Die **son** is die simbool van God se lig
wat deurbreek in die donker wêreld.

Jesus is die lig vir die wêreld.
Ons versprei Sy lig.

LERAAR
Ds Johann Winterbach
winterbach@tiscali.co.za
082 469 9087

ADMINISTRATIEWE BEAMPTE
Susan Mong
admin@nggeorgesuid.co.za
044 874 3898

FINANSIËLE BEAMPTE
Zelda Immelman
finansies@nggeorgesuid.co.za
044 873 3335

KERKKANTOOR
Fichatstraat 47, George-Suid
admin@nggeorgesuid.co.za
044 874 3898